


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Maart 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 16




## KITSNUUS

Lees meer binne

**Janos kuier uit Hongarye**
*Bl 2*

**Deur die Burgemeester se bril**
*Bl 3*

**Briewekolom**
*Bl 4*

**A-Z Pekanneutkonferensie 8 & 9**
*Bl 4*

**Kontreiwinkel vier 30 jaar**
*Bl 5*

**Jou tuin kan pryse wen**
*Bl 7*

**Menings oor leierskap**
*Bl 9*

**Tuisversorgingstudente opgelei**
*Bl 11*

**Orania kry 'n Volkslied**
*Bl 11*

**Müller-egpaar draf**
*Bl 12*

**Orania se Sportgids**
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Fakkeldraers van Orania na die VSA

Dia van Staden - Redakteur

'n Afvaardiging van vier manne beplan om op Maandag 17 Maart 'n vlug na die VSA te haal om self Orania se boodskap van selfbeskikking aan almal wat wil hoor te gaan oordra.

"Ons gaan met lae verwagtinge, maar glo Orania het 'n boodskap, nie net vir Suid-Afrika nie, maar vir die wêreld. Ons glo dit is eties en moreel regverdig om dié boodskap te deel. Ons wil nie oor iemand heers nie. Ons wens vir ander wat ons vir onsself wens. Ons wil kultuur preserveer, en dit word tans gemarginaliseer," sê Riaan Jacobs, voorsitter van die Orania Verteenwoordigende Raad, met oortuiging.

Riaan se kamerade tydens die Amerikaanse besoek is dr Carel Boshoff, ondervoorsitter van die OVR, Joost Strydom, uitvoerende hoof van die Orania Beweging en Ernst Roets, getroue Orania ondersteuner, OB-lid en waardevolle bondgenoot.

Tydens 'n gesprek met dr Carel Boshoff noem hy dat dié besoek nie mik om 'n eenmalige aksie te wees nie. "Binne 'n breë verband is die doel vir ons besoek tweeledig: om die globale situasie beter te verstaan en om tweedens deel van die situasie te wees." Hy beklemtoon die belangrikheid dat Orania se idee verstaanbaar gemaak moet word.

Volgens Joost is daar twee hooftemas wat hul besoek regverdig. "Elke gesprek wat oor Suid-Afrika gevoer word, waar daar oor bedeling gepraat word, lei telkens terug na Orania toe. Potsenders, nuusagentskappe, politieke analiste, en ander praat oor ons. As Orania 'n uitvloeisel is van gesprekke, dan wil ons saam gesels." Joost beaam dat New York as demokratiese staat met sy meer as driemiljoen republikeinse ondersteuners beslis die potensiaal het om Orania te steun.

Ernst Roets, wat reeds in Amerika is, vertel vir Koerania dat hy daarna uitsien om by die groep in Washington aan te sluit. Sy besoek aan die VSA sluit gesprekke en skakeling in oor sy eie Pionier-inisiatief wat onlangs die lig gesien het. Hierin beywer hy hom vir 'n meer volhoubare politieke bedeling en groter vorme van vryheid vir Afrikaners en ander volke in SA. "Ek werk daaraan om die Oraniërs te help om met die Staatsdepartement en verskeie ideesentrums te skakel," verduidelik Ernst.

Die kamerade bevestig dat hul vaste afsprake het waar daar met die Jong Republikeine in New York, politieke adviseurs en vriende van Orania gesprek gevoer sal word. Hulle reaksie op die vraag of hul nie vrees dat hulle vir hoogverraad aangekla sal word nie is ferm. "Ons is met 'n beginselsaak besig wat ons na aan die hart lê. Niks is risiko-vry nie. Dit sal ook 'n risiko wees om nie te gaan nie. Ons gaan in geloof en moet deel vorm van gesprekke wat Orania betrek. SA is strategies en vir ons minerale vir Amerika belangrik."

Die groep kan nie al hulle planne deel nie, want daar word met 'n vergrootglas na hulle bewegings gekyk. Hulle is egter dankbaar vir deure wat oopgaan en beskou dit as genade.

Die feit dat Orania se eerste mediaverklaring, na President Donald Trump se aankondiging van 'n reddingsboei na SA, nie daarop gerig was om vir aalmoese bakhand te staan nie, is goed ontvang. "Ons dink ons het 'n model vir wêreldvrede en Orania se kultuurboodskap moet gehoor word."

Riaan noem dat Orania se internasionale voetspoor en profiel enorm is en dat daardie ondersteuning ontgin moet word. "Wat ons daarmee moet doen bly 'n proses, en ons besoek se uitkoms sal bepaal of Orania groei sal beleef. Enige saak groei as daar vertroue is en ons sal graag vertroue wil wek."

Carel sluit sy kommentaar af met: "Die Boere is terug! Ons stap die beinvloedingspad – nie die onderhandelingspad nie!"

Koerania en die gemeenskap van Orania vertrou dat dié ambassadeurs van Orania op 28 Maart sonder enige hoogverraadklagtes, maar met groot sukses sal terugkeer.



**Riaan Jacobs** –
ons boodskap is nog altyd demografie.



**Carel Boshoff** –
ons was akteurs op die verhoog van die geskiedenis. Ons het die laaste jare weggeraak, maar daar is 'n hele aantal redes om te sê dat die Afrikaners terug is.



**Joost Strydom** –
ons kan nie toelaat dat daar oor ons gepraat word, en ons praat nie saam nie.



**Ernst Roets** –
daar is hoë profiel skakeling waarmee ek behulpsaam kan wees.

**KOERANIA REDAKSIE:** Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



## KOFFIE EN KLETS met die redakteur



### Sagte woorde keer grimmigheid af

Vir elke tweede persoon wou ek die afgelope maand sê dat 'n sagte woord die grimmigheid afkeer, want die negatiwiteit en kritiese uitlatings, soms sonder konteks, is genoeg om enige positiewe mens se energie te steel! (Spreuke 15:1)
Wat maak jy met kritiek? Met leuens? Met pessimiste? Met lamsakke?
Ons kry elkeen met ons eie porsie van lafaards te doen. Daardie een wat sy mond so graag as sleutelbordsoldaat uitspoel. Dit is 'n plek waar hy of sy sommer persoonlik raak. Daar word nie tydens daardie relaas aan 'n ander persoon se gevoelens gedink nie. Emosionele intelligensie vlieg by die deur uit wanneer die eerste pappert lostrek met beledigings en ongegronde kritiek. Dit is asof daardie eerste wandaad aan almal die reg gee om die wapen van die tong (of die vingers wat tik) op te neem… Wie op aarde dink jy is jy?
Kritiek is natuurlik nie noodwendig sleg nie. Inteendeel, dit kan my en jou laat groei en tot hoër hoogtes lei. Dit moet egter gegrond wees. Waarheid wees. Respekvol wees.
Enige persoon wat dink hy is oor 'n ander een aangestel, het dit mis. In die sweet van ons aangesig sal ALMAL van ons die brood op ons tafels verdien. Om nederig te bly terwyl iemand die wêreld verander is 'n wonderlike gesindheid. Dit is 'n skaars kwaliteit in dié tyd van selfies en smaakmakers en eiewys wees.
'n Verstandige persoon wat tussen reg en verkeerd kan onderskei is 'n voorloper. Daardie onderskeidingsvermoë kan maak dat so 'n persoon 'n groot groep kan mobiliseer en motiveer om mekaar by te staan en te ondersteun, eerder as om mekaar te verskeur. Ons Afrikanervolk het in Orania en in Suid-Afrika baie werk. Dit is beslis harder werk om te bou as om af te breek. Dit is moeiliker om iemand te bemoedig as om iemand te ignoreer. Dit neem ernstige oortuiging om iemand positief te beïnvloed, eerder as om negatiwiteit op te dis.
Wat is jou mantra? Hoe klink jou selfgesprek as jy vanoggend of vanaand voor die spieël staan? Benader jy jou dag met 'n wig in jou hart of spring jy weg met 'n huppel in jou stap? Kom ons huppel die naweek binne? Laat jou selfgesprek vol belofte en opregte energie wees! Maak 'n verskil!
Moenie dat die koffie koud word nie! Deel 'n lekker stomende koppie met 'n geliefde, met 'n vreemdeling, met 'n kennis of met 'n gelowige vertroueling.
Slurp daai lekker koffie slukkie-vir-slukkie!

*Ria van Staden*

## Die definisie van oorlog

Erich Hartman het gesê: "Oorlog is 'n plek waar jong mense, wat mekaar nie ken nie en mekaar nie haat nie, mekaar doodmaak, as gevolg van die besluit deur ouer mense wat mekaar ken en mekaar haat, maar mekaar nie doodmaak nie.
**Wikipedia sê oor hom:**
Erich Alfred Hartmann (19 April 1922 – 20 September 1993), met die bynaam Bubi (Die kind) deur sy Duitse kollegas en ook deur die Russe Die Swart Duiwel genoem is, was 'n Duitse bobaasvlieënier van die Tweede Wêreldoorlog. Hy was ook die suksesvolste vlieënier ooit in die geskiedenis van luggevegte. Hy het 1 404 missies gevlieg en was betrokke in 825 kontaksituasies. Hy het 352 Geallieerde vliegtuie (345 Russies en 7 Amerikaans) afgeskiet tydens die oorlog. Hy was geforseer om 14 noodlandings te maak wat veroorsaak was deur onderdele wat van die vliegtuie kom wat hy afgeskiet het of as gevolg van meganiese probleme. Hy was nooit raakgeskiet of geforseer om te land as gevolg van vyandelike vuur nie.



Erich Alfred Hartmann

## MENINGSARTIKEL

-deur Janos Jeney

# Kartograaf besoek Orania vanuit Hongarye

Die laaste keer wat ek Suid-Afrika besoek het, was in 2023. Toé het ek tyd in Kaapstad en Pretoria deurgebring. Ek moet sê, aangesien ek die meeste van my tyd in plekke deurgebring het wat aan instellings van die Solidariteit-beweging behoort, het ek nie regtig ervaar hoe



Pretoria werklik is nie. Ek het egter gesien dat die Voortrekkermonument baie mooi ontwikkel het sedertdien en dat die instellings van die Solidariteit-beweging uitgebrei het. Ek het die geleentheid gehad om Akademia te leer ken en te sien hoe dit mooi ontwikkel.
Terselfdertyd moet ek byvoeg dat Suid-Afrika ietwat verander het sedert ek in 2019 daar was. Toe ek hierdie keer aangekom het, was daar geen beurtkrag nie, maar dit het egter tydens my verblyf teruggekeer. Terwyl dit nie 'n direkte probleem in Orania blyk te wees nie, het dit 'n groot impak op die ekonomie, wat ek aanneem, Orania ook beïnvloed. Nog 'n hartseer punt is die toename in misdaad in KwaZulu-Natal oor die afgelope vyf jaar en die gebrek aan instandhouding van begraafplase. Die instandhouding van paaie is 'n probleem.
Een derde van Hongare woon buite Hongarye se grense en moet veg vir moedertaalonderrig en die gebruik van hulle moedertaal in kulturele en amptelike omgewings. Hierdie stryd is soortgelyk aan dié van die Afrikaner in Suid-Afrika, en daarom het ek in 2024 twee Afrikaners in Transsylvanië gehuisves om hulle aan ons omstandighede bloot te stel.
Alhoewel ons kulture op baie maniere verskil, is daar baie interessante ooreenkomste. Die belangrikste hiervan is ons Christelike geloof, maar ook klein dinge, soos dat mense in landelike Hongarye mekaar altyd groet wanneer hulle mekaar ontmoet. Dit was baie soortgelyk in Orania. In Transsylvanië het ons 'n gebied van 12 000 vierkante kilometer waar Hongare die meerderheid uitmaak (dit is omtrent die helfte van die Hongare in Transsylvanië). Ons wil hê dit moet 'n Hongaarse selfbeskikkingsgebied wees. Elke jaar word 'n versoek aan die Romeense parlement gerig vir outonomie, en elke keer word dit afgekeur. In Orania vra mense nooit die regering om vir hulle iets toe te staan nie – dit word eenvoudig gedoen, en die regering moet dit aanvaar. Een van ons grootste probleme is dat mense van ander kulture intrek en ons kultuur verswak. In Orania word hierdie probleem opgelos deurdat inwoners 'n verblyfpermit benodig. Dit sou 'n baie interessante les wees vir die Hongare wat vir selfbeskikking veg. Nog 'n interessante les is die Volksskool. Dit is 'n manier om moderne tegnologie te gebruik terwyl verantwoordelikheid reeds op 'n jong ouderdom aangeleer word.
As jy onder 'n regering leef wat jou kultuur onderdruk, kan dit baie vinnig gebeur dat hulle probeer om jou kultuur heeltemal uit te wis. Een ooreenkoms tussen Afrikaners en Hongare is dat ons albei se kulture afhanklik is van ons taal. Geen van ons kulture sal oorleef as ons ons taal verloor nie. Sommige mense sê dalk dat Hongare in Transsylvanië eenvoudig na Hongarye toe kan trek, maar dit sou 'n deel van ons kultuur uitwis en sou vir ons baie sleg wees. (Die idee van 'terugtrek' is nie van toepassing nie, aangesien Transsylvaanse Hongare al vir 'n millennium daar woon – jy kan nie teruggaan na 'n plek waar jy nooit geleef het nie). Trouens, Transsylvaanse Hongaarse kultuur verskil ietwat van die kultuur in Hongarye. Wanneer 'n regering jou taal begin onderdruk, kan hulle baie vinnig jou kultuur uitwis.
Nog 'n voorbeeld van hoe 'n regering 'n gemeenskap kan vernietig, is wat tydens die kommunistiese era in Roemenië gebeur het, waar daar 'n skema was om dorpe te vernietig. Volgens die regering se propaganda was hierdie dorpe onvolhoubaar, aangesien hulle te klein was, en 'n hoër lewenstandaard kon slegs in die stede behaal word. Dit was egter nie waar nie, want die behuising wat die mense ontvang het, was van 'n baie laer standaard as dit waarvan hulle verplaas is. Toe hulle in woonstelblokke geplaas is, het baie van hulle hul kultuur en taal verloor en eenvoudig geassimileer in 'n kulturele smeltkroes. Dit is waarom selfbeskikking so belangrik is. Die werklike rede vir hierdie gedwonge verskuiwings was om die mees basiese deel van selfbeskikking, naamlik die gemeenskap, te vernietig. Wanneer 'n minderheidsgemeenskap vernietig word en die mense na 'n groot stad verskuif word, assimileer hulle dikwels in die meerderheid. 'n Regering wat 'n minderheid as 'n vyand beskou, sal probeer om sy gemeenskapstruktuur op die beste moontlike manier te vernietig.
As die VSA te veel Afrikaners as vlugtelinge aanvaar, kan dit 'n probleem skep vir dié wat in Suid-Afrika agterbly. Dit kan dalk 'n oplossing vir individue wees, maar wat gaan gebeur as die mense wat uitgaan, in Amerika bly? Hulle sal hul taal en kultuur verloor en nooit terugkeer nie. Dit sal die Afrikaner-gemeenskap in Suid-Afrika verswak. Net soos in die geval van Transsylvaanse Hongare – as hulle Transsylvanië verlaat, sal die Transsylvaanse Hongaarse kultuur verlore gaan. Alhoewel emigrasie nie met geweld gestop kan word nie, moet die probleem plaaslik opgelos word. Dit kan gedoen word deur territoriale selfbeskikking, soos in Orania of Oos-Transsylvanië. Tog moet ons ook oorweeg dat gebiede waar ons nie in die meerderheid is nie, steeds deel van ons kultuur is. Dit geld vir Hongare in Wes-Transsylvanië, net soos vir Afrikaners in Pretoria en Bloemfontein. In sulke gebiede is die enigste oplossing om 'n netwerk van kulturele instellings te bou. Ek voel dat Afrikaners verder gevorder is as ons in die oprigting van sulke instellings. Maar as 'n kultuur van sy grondgebied afgesny word, sal dit ophou bestaan. Om mense in groot getalle na buitelandse lande te verskuif, is nie 'n goeie idee nie.
Die enigste uitsondering is waar ek geen ander oplossing sien nie – as mense se lewens bedreig word, veral as dit as gevolg van 'n minderheidsstatus is. Sodra die gevaar verby is, moet daar egter hulp wees om mense terug te laat keer. Dit is egter nie tans die geval in Suid-Afrika nie. Alhoewel misdaad 'n probleem is, is dit nie 'n groot probleem in Orania nie.
My moedertaal is Hongaars, maar ek praat ook Engels en Duits. Alhoewel my Afrikaans baie swak is, verstaan ek wel sommige woorde, aangesien daar ooreenkomste met Duits is en ek reeds daaraan blootgestel is. Ek wil egter Afrikaans leer, aangesien dit ons volke kan help om mekaar beter te leer ken.
In die Weste is daar 'n baie slegte neiging om weg te draai van die Christelike geloof. Dit is 'n baie negatiewe tendens, aangesien hierdie kulture almal hul wortels in die Christendom het. Dit is nog 'n manier om jou kultuur te verloor. Ek kan nie Hongaarse of Afrikaner-kultuur sonder die Christendom indink nie. Ek glo ook dat as God nie 'n doel vir ons mense gehad het nie, sou hierdie kulture waarskynlik nie meer bestaan het nie.




# 'n Dinamiese werklikheid

Orania word vanjaar 34 jaar oud! Ons het oor die afgelope aantal jare gegroei van 'n idee tot 'n dinamiese werklikheid. Orania verkeer byna weekliks in die kalklig. Dit is nie meer vreemd dat Orania tot vyf spanne internasionale joernaliste op een dag ontvang nie.
Internasionaal is daar al hoe meer belangstelling in Orania omdat ons oor jare suksesse kon toon en steeds op ons oorspronklike beginsels voortbou. Hierdie tendens het oor tyd ontwikkel omdat die Orania-idee op enige verhoog sonder skroom verduidelik kan word.

**Waar begin die idee van Orania?**
Die idee van Orania het met die genade van ons Skepper by visionêre Afrikaner-leiers ontstaan.
Die leiers wat reeds in die sewentigerjare van die vorige eeu diep nagedink het oor ons toekoms, was mense soos prof Carel Boshoff en dr Chris Jooste. Hulle het veral die demografie in Suid-Afrika oorweeg en daarvolgens baie duidelik aangetoon dat, as Afrikaners as 'n volk wil oorleef, hulle opofferings sou moes maak. Hierdie opofferings het ingesluit om na die laagbevolkste gebied in Suid-Afrika te verhuis omdat hier in die Noord-Kaap 'n "demografiese gat" bestaan het. Die idee was dat Afrikaners hier kan konsentreer en 'n meerderheid kan word sodat hulle uiteindelik oor hulleself sal kan regeer.

**Eie arbeid in ons streek**
Die voorwaardes wat die destydse Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA) en die Afrikanervryheidstigting (AVSTIG) vir Afrikaners se oorlewing gestel het, was eie grond, eie arbeid en eie instellings.

Hierdie voorwaardes is noodsaaklik omdat Afrikaners 'n baie klein minderheid in Suid-Afrika geword het en daarom in Suid-Afrika baie min regte oorgehou het. Diep gegronde navorsing het die idee van Orania voorafgegaan en daarom kan Orania onderskei word van ander oplossings wat in die res van Suid-Afrika bedink is. Ons vergeet dit soms as ons uitdagings moet hanteer en gryp dan terug na stelsels wat ons vantevore gebruik het, of wat aan ons bekend is, maar wat in die meeste gevalle nie gewerk het nie.

Orania is as gemeenskap veilig omdat ons ons eie arbeid verrig en daardeur slegs Afrikaners in Orania verkeer. Indien ons oor 'n streek beskik, waar ons steeds net Afrikaner-arbeid gebruik sal dit noodwendig op die veiligheid in die streek 'n groot positiewe invloed hê. Vir die meeste van ons is die idee van eie arbeid relatief nuut, en ons het dikwels nog nie goeie begrip vir die voordelige gevolge daarvan nie. Een van die belangrikste gevolge van eie arbeid is veiligheid. Laat ons onsself gereeld daaraan herinner!
Orania het 'n beproefde, werkende idee en ons moet dit in ag neem as die omstandighede rondom ons onstuimig raak.

**Suid-Afrika is koorsig!**
Amerika het genies en nou is Suid-Afrika vuurwarm van die koors. Beskuldigings word heen en weer geslinger en volgens mediaberigte en sosiale media word die wig al verder tussen rassegroepe in Suid-Afrika ingedryf. Die ANC se gewildheid is volgens peilings die laagste nog. En internasionaal is die ANC nie meer die liefling nie. Hoe groter die krake, hoe meer ekstreem raak die uitsprake deur sommige parlementslede en die publiek oor die algemeen. Daar word nou kliphard na 'n sondebok gesoek en ons lees reeds dat afgevaardigdes van die Solidariteit Beweging en AfriForum van hoogverraad aangekla is omdat hulle Amerika besoek het en met staatsdepartemente in gesprek getree het. Orania stuur ook binnekort 'n afvaardiging na Amerika.

**Orania se idee staan trots!**
Orania het oor die afgelope meer as dertig jaar hard daaraan gewerk om 'n tuiste vir Afrikaners te vestig. Ons strewe was van die heel begin af: Vryheid vir Afrikaners. As 'n mens nou weer die navorsing en dokumente van die visioenêre leiers wat die Orania-idee uitgedink het, lees, is 'n mens opnuut beïndruk deur die suiwerheid van hulle denke. Maar veral, dat ons idee oor tyd getoets is op talle wêreldverhoë en dat ons nie te lig bevind is nie.

**Apartheid was nie die antwoord nie**
Die leiers van SABRA en AVSTIG het baie vroeg reeds aangedui dat apartheid nie volhoubaar is nie en dat Afrikaners vir hulleself 'n heimat sou moes skep. Prof Carel Boshoff en dr Chris Jooste het van die begin af daarop gestaan dat die Orania-idee nie sou slaag as ons teen ander rasse diskrimineer nie. Prof Boshoff skryf in sy biografie, Dis nou ek, Carel Boshoff op bladsy 407:

"Wat Orania wel skade kan aandoen en selfs ons ideaal kan vernietig, is rasvyandige voorvalle en optredes. Daarop moet ons bedag wees en met ons kinders daaroor praat. OBD self moet daarop bedag wees in sy verkope en beskikbaarstelling van grond. Nie alleen bots dit met die Suid-Afrikaanse Grondwet nie, maar ook met die ooreenkoms wat elke inwoner onderteken het."
"Ek beskou die aangeleentheid van soveel erns dat ek dit eerder sonder aansien des persoons, self by die Menseregtekommissie sal aanmeld as daar ná onderhandelinge nie daarvan afgewyk word nie. Ons kan dit net nie bekostig nie."

Só skryf prof Carel Boshoff self.
Apartheidswette het die vorige bedeling van Suid-Afrika nie gered nie. Daardie Suid-Afrika het verdwyn. Tans probeer die regering in Suid-Afrika weer voordeel trek uit raswette wat sekere groepe bo ander bevoordeel. Hierdie diskriminasie is besig om die huidige regering en selfs die huidige politieke bedeling te laat sink.

In Orania moet ons deeglik kennis neem daarvan en baie versigtig wees met ons optrede. Ons wil nie 'n stelsel herhaal wat nou al bewys het dat dit nie werk nie. Ons kan ook nie bekostig om ons ideaal te kelder nie, veral nie met emosionele optrede nie.
**'n Nudisteoord vir Orania?**
Beau Brummel het Orania in 2007 besoek met die doel om 'n nudisteoord vir wit mense in Orania op te rig. Prof Carel Boshoff het hom dadelik geskakel en aan hom verduidelik dat rassiste soos hy nie in Orania welkom sou wees nie.

Dit was van die begin af duidelik dat Orania nie op haat vir ander volke gebou sou word nie en dít was die belangrike beginsel wat uiteindelik vir Orania 'n deurbraak gemaak het. Ons kan die Orania-idee met enige iemand op enige plek bespreek en met selfvertroue verdedig, want dit is nie op rassehaat gebou nie. Bloot op die liefde vir ons eie.

**'n Volk in trauma**
Ons ganse geskiedenis word gekenmerk deur trauma. Ons het ontstaan uit Hugenote, Nederlanders en Duitsers wat vir hulle geloof en vaste beginsels na die Suidpunt van Afrika gevlug het. Daarna moes die Vryburgers korrupsie aan die Kaap hanteer. Tydens die Groot Trek het geweldige tragiese gebeure plaasgevind. 'n Klein, wordende volkie moes die Groot Droogte en die Runderpes hanteer. Die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë het hulle eie gevolge gehad. Die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie
Daarna moes die Vryburgers korrupsie aan die Kaap hanteer. Tydens die Groot Trek het geweldige tragiese gebeure plaasgevind. 'n Klein, wordende volkie moes die Groot Droogte en die Runderpes hanteer. Die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë het hulle eie gevolge gehad. Die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie van 1914 het diepgewortelde invloede op ons gehad. Die groot Depressie en die gevolglike armoede het ons volk verder getraumatiseer. Kort hierna het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek wat sy eie letsels gelaat het. Uiteindelik kry ons 'n Republiek in 1961, maar baie gou is ons betrokke by die Grensoorlog. In 1994 beleef ons dat ons álle mag, polities en militêr, verloor.

Al hierdie gebeure dra daartoe by dat ons 'n volk in trauma is, 'n volk wat diep gewond is en selfs nie die skade bereken het wat apartheid aan ons gedoen het nie. Hierdie trauma veroorsaak dikwels, dat ons met reg, leiers wantrou en dat ons onsself wil afsluit van die wêreld om bloot veilig te kan bestaan.

Natuurlik mag ons van mekaar verskil oor verskillende sake, maar kom ons grond verskille op goeie argumente.

**Volkstaat of veiligheidsoord?**
Waarheen is Orania op pad? Hoe lyk ons toekoms oor vyf of tien of vyftig jaar? Is ons 'n klein afgeslote sekuriteitsdorpie met goeie toegangsbeheer waar 'n groepie Afrikaners kan wegkruip vir die buitewêreld?

Of is ons 'n bruisende republiek wat 'n heenkome bied aan die Afrikanervolk waar ons veilig is omdat ons, ons Skepper in vryheid kan aanbid? Vryheid, nié veiligheid nie, word vir volke as 'n opdrag in die Bybel gegee en die vryheid wat ons in die eerste plek na moet strewe, is dat ons God Drie-Enig moet dien in alles wat ons doen. Ook in die republiek wat ons besig is om op te rig.

Hoe lyk ons toekomstige republiek? Sien u ook die groot internasionale lughawe, die ambassades van lande oor die wêreld wat ons Afrikanervolk erken? Sien u internasionale uitruilstudente wat aan ons universiteite kom studeer omdat ons die beste opleiding in die wêreld bied? Sien u mediese sentrums wat wêreldklas operasies uitvoer? Sien u dat ons voorlopers is in landbounavorsing? Sien u internasionale rugbyspanne wat teen die Orania Krygers uitdraf? Sien u die beste moontlike geleenthede vir ons kinders en kleinkinders in Orania? Ek is so diep opgewonde oor die toekoms waaraan ons bou.

Ons Vader in die hemel het hierdie roeping aan ons gegee dat ons 'n plek vir ons nageslag moet bou, Hy wat die tye en plekke van volke vasstel, Hy het aan ons 'n roeping gegee wat ons nie kan weier nie.

In Orania bely ons dat Christus die Redder is van alle volke en nasies en dat Hy die Bemiddelaar is wat volke met ons Hemelse Vader versoen. Dit is in Christus wat ons hoop vind vir 'n vrye toekoms hier aan die Suidpunt van Afrika.
Sedert die tagtigerjare was daar verskeie politieke voorstelle en pogings ten opsigte van oplossings vir Afrikaners. Die enigste idee wat die toets van die tyd deurstaan het, is die kleine Orania. Orania is al wat ons het, laat ons dit nie deur ons optrede in gevaar stel nie.

Maar watter ongelooflike voorreg om te kan werk aan hierdie vryheidsideaal. Is dit ook die ideaal wat in u hart brand? So 'n ideaal vra opoffering en fyn voetwerk. Ons benader dit anders as wat ons die toekoms van 'n veiligheidsoord sou benader.

**Hoe lyk veiligheid vorentoe?**
Die waarheid is dat nie een van ons môre se koerant het nie. Ons weet dus nie wat in die toekoms gaan gebeur nie. Ons weet wel dat die emosies tans hoog loop en dat 'n vonk in die kruitvat 'n vlammehel tot gevolg kan hê.

Ons ontken nie dat rassehaat in Suid-Afrika tans aangeblaas word nie, maar dit is nie ons geveg nie.

Ons kan almal saamwerk om OVD te versterk en Orania meer weerbaar te maak. Hou oë en ore oop, meld enige iets wat u ongemaklik maak onmiddellik by OVD aan. Bied aan om by OVD te help met veiligheidsdienste en om patrollies te ry. Doen moeite om jouself en jou gesin weerbaar te maak. Bid sonder ophou.

**Maar moenie vrees nie!**
In moeilike tye is dit maklik om vreesbevange te raak. 'n Mens sien dat daar op groepe vrees gestook word en dat die berigte wat op sosiale media gedeel word, vrees aanjaag. Onthou maar dat vrees van die duiwel af is; moet nie die duiwel se werk vir hom doen nie.

Kom ons vertrou in goeie en slegte tye op God Almagtig, dit is Hy wat ons in ons nood sal raaksien en ons sal uitred as dit Sy wil is. Kom ons bou voort op die suiwer beginsels wat AVSTIG sedert sy ontstaan as basis gebruik het. Daar is so baie werk om te doen!

**Ten slotte**
Waarmee is ons besig? Handelinge 5: 38 en 39 – want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie – dat dit nie bevind word dat julle selfs teen God stry nie.

Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry!

# ORANIABRIEWE

Stuur vir ons jou brief van maksimum 350 woorde na redakteur@koerania.co.za en ons oorweeg dit vir plasing. Die standpunte of menings wat in die skrywes genoem word, is nie noodwendig die menings van Koerania se redakteur, adverteerders of rolspelers nie.

## Hoekom ons dorp Behuisingsprysbeheer nodig het

Geagte Redakteur, Ons dorp staan by 'n kruispad. Ten spyte van sy bekoring, geriewe en potensiaal vir ekonomiese groei, sukkel ons nog steeds om massas nuwe inwoners te lok. En dis die massas wat ons nodig het om die dorp se veiligheid en toekoms te verseker.

Tans is behuisingspryse heeltemal buite verhouding met plaaslike koste en pryse in die res van die land. Sonder ingryping loop ons dorp die gevaar om te stagneer of selfs agteruit te gaan. Daarom is dit tyd om prysbeheer op behuising as 'n noodsaaklike stap na groei en langtermyn-welvaart te oorweeg.

Wanneer behuisingskoste buitensporig hoog is, kyk jong professionele mense, gesinne en afgetredenes elders om hulle te vestig. Dit kom daarop neer dat belegging in die drop nie is wat dit moet wees nie. Ons kan nie bekostig om net nog 'n afgeslote woonbuurt te word nie, want dit negeer die ideaal na vryheid waarna ons almal strewe.

Prysbeheer kan hierdie tendens omkeer deur te verseker dat huise bekostigbaar bly vir 'n wyer reeks kopers en huurders.

'n Beheerde behuisingsmark maak ons dorp aantreklik vir baie mense—professionele en ongeskooldes, wat tans nie kan bekostig om hier te woon nie.

Kritici kan beweer die vryemark behoort behuisingspryse te bepaal. Maar wanneer pryse deur spekulasie en 'n kunsmatig beperkte aanbod opgedryf word, is die mark nie werklik vry nie—dit is uitsluitlik.

Redelike prysbeheer sal billike toegang tot behuising verseker terwyl dit volhoubare ontwikkeling en ekonomiese stabiliteit bevorder.

As ons wil hê ons dorp moet groei en floreer, moet ons optree. Die implementering van behuisingsprysbeheer is nie net regverdig nie—dit is noodsaaklik vir ons toekoms.

Die uwe
Die Vonk van Orania

## Waar is die 24 in die afwesige diens van Oraniamed24?

As inwoner van Orania, wil ek hiermee ten sterkste beswaar maak teen die opheffing en afgradering van Oramed, ons ENIGSTE mediese fasiliteit vir na-ure en naweke in Orania.

Dit is heeltemal verregaande dat die Dorpsraad spog met 'n 10% groei in inwonergetalle, maar terselfdertyd word ons broodnodige mediese versorging so afgeskaal. Vertel Joost dit ook aan die buitewêreld met sy mooi praatjies op youtube oor hoe wonderlik Orania is? Vertel oom Hennie dit ook aan al die besoekers wat hy rondry in sy toerbussie? Vertel enigeen aan voornemende inwoners hoe duur 'n ambulans na-ure is as iemand sou siek word en dringend hospitalisasie benodig? Julle is besig om te woeker met Oraniërs se lewens, ons baie bejaardes en kinders. Kry julle prioriteite agtermekaar! Julle dryf bestaande en voornemende Oraniërs weg met sulke ondeurdagte besluite.

Anoniem

**Kommentaar van OraniaMed24**

*Oraniamed24 het per e-pos ontvangs van die skrywe erken en genoem dat daar nie tans 'n verteenwoordiger is wat kommentaar wil lewer nie.*

**Kommentaar van die Orania Beweging:**

*Die Orania Beweging se werk, waarin ons ons bes doen om al die landmyne te omseil en al die aanvalle op Orania af te weer, is om Orania en die Orania-idee te verteenwoordig. Ons neem kennis van verandering van ORANIAMED se ure, en ons is natuurlik ook jammer om dit te hoor. Dit is belangrik om te onthou dat daar slegs sewe jaar gelede nie 'n ORANIAMED in Orania was nie, natuurlik sal daar dinge soms beter en soms slegter gaan, maar ons kan nie Orania se vordering vergeet nie.*

*Die besluite wat ORANIAMED maak is privaatbesigheidsbesluite, en word nie deur die Orania Beweging of ander instelling gemaak nie. Indien die verwagting is dat ons Orania se interne sake konstant in die media propageer, terwyl die ANC, EFF en media Orania se hele bestaansreg eerder sou wou aanval, kan ek u verseker dat ons dit nie sal doen nie.*


*Orania Beweging gaan nie die stryd in die openbaar oor die voortbestaan van Orania vol maak met interne sake nie, dit is vir ons as inwoners om onder mekaar te hanteer. Ons as instelling is ongelooflik dankbaar vir die harde werk wat deur Dr Nothnagel en sy span gedoen word. Ons sal voortgaan om Orania tot die heel beste van ons vermoë te bemark in die hoop dat nog dokters, susters, verpleegsters, spesialiste ensovoorts deur ons kommunikasie van Orania hoor en hopelik hier vestig en by die span aansluit. Kom ons werk saam om Orania 'n aanloklike bestemming vir nog mediese personeel (en ander Afrikaners) te maak, sodat hulle hierheen kom en ook saam kom bou.*

Groete van die Orania Beweging.

## Geliefde gesinskat is verlore

Ons kat, Girly, het op 24 Februarie vermis geraak in die omgewing naby die Oewer. Ons is nog nie lank in dié area nie en ek is bevrees dat sy moontlik te ver gaan verken het en rigting verloor het. Met al die onlangse donderstorms en reën sou al die bekende reuke wat haar huis toe kon lei, weggewas wees en sy kan moontlik verder en verder afdwaal. Die moontlikheid bestaan ook natuurlik dat sy iets oorgekom het. Girly is 9 jaar oud en is op my dogtertjie se bed gebore. Sy is vir ons baie kosbaar en ons sal wat wil gee om haar terug te hê…of minstens te weet dat sy nie meer met ons is nie sodat ons daardie deur kan toemaak en berusting vind, hoe swaar of onwerklik dit ookal mag wees.

Asseblief wees op die uitkyk vir haar? Sy is 'n skugter kat met 'n baie sagte geaardheid. Girly



het baie lang hare, 'n pragtige, welige stert en 'n besonder mooi gesiggie. Op die foto is sy heelwat jonger en lyk sy kleiner en minder wollerig as wat sy nou is.

Indien enige iemand inligting het, kontak my asseblief by 082 779 0602.

Help ons asseblief om vir Girly te vind?

Leilani Basson

# A-Z Pekanneutkonferensie laat borge, boere en verskaffers kennis deel

Dia van Staden

Die A-Z Pekanneutkonferensie mag dalk in 2025 steeds in sy kinderskoene staan, maar jaar 2 se program bied vir elke bestaande, voornemende en boer wat dink dit is wensdenkery, 'n enorme geleentheid om te lei, te leer en te ontwikkel.

Die plaas Dendron Boerdery met bestuurder, Renier Botha, aan die stuur, is besig om hulle bome se blare reg te skud vir die vele besoekers wat aan die pekanneutbedryf nuwe momentum wil gee.

Die drie boere en kundiges wat voor loop is Johan Coetzee, na wie gereeld as die “cowboy” in die bedryf verwys word, Francois Slabber en dr Ben de Klerk. Twee propvol dae word vir 8 en 9 April beplan waartydens kundige individue en maatskappye hul jarelange ondervinding sal deel.

Die oggendsessies bied sprekers wat gedurig nuwe inligting en navorsing deurtrap om met boere te deel. Die praktiese boordsessies in die middae sal elke groep die geleentheid bied om te ervaar wat in die praktyk gedoen word en vrae te vra.

Sprekers wat reeds bevestig is sluit Dr Elmi Lötze (Koolhidrate), Charus du Plessis (Mikro-elemente), dr. Nicky Taylor (Waterproewe), Chris Barnard (Besproeiing), Ivan Otto (SAPPA) en Kallie Schoeman (Boerdery) en Eddie Ferreira (Alternatiewe inkomstestrome), in.

Die volgende pakkette is vir uitstallers beskikbaar:

* Platinum Stalletjie @ R12 000-00 (Dit sluit 10min spreekbeurt en 4 kaartjies in )
* Goue Stalletjie @ R8 000-00 (Dit sluit 3 kaartjies in)

Die konferensie laat ruimte vir 400 mense wat dit 'n besonderse geleentheid op die pekanneutkalender maak.

Die koste vir bywoning beloop R2 000-00 per persoon, wat reis, verblyf, addisionele etes en drinkgoed uitsluit. Elke geregistreerde konferensieganger ontvang 'n etebewys, wat by die kosstalletjies aangewend kan word.

Om as 'n konferensieganger te registreer, 'n stalletjie te bespreek of 'n navraag te rig kan 'n WhatsApp na 0639914408 gestuur word. Stuur selfs e-pos na a-z@pekan.co.za of skakel die kantoor by 087 092 6618 met jou navraag. Besoek https://azpekan.co.za vir volledige inligting in verband met die konferensie van die jaar!

Sien jou tussen die pekanbome by Dendron Boerdery!



Daar is hierdie week 'n beplanningsvergadering gehou waartydens die fyner besonderhede van die A-Z Pekanneutkonferensie vir 8 en 9 April bespreek is. Hester Botha word omring deur Jan de Klerk, Johan Coetzee, Francois Slabber en Renier Botha. Dia van Staden, koördineerder van die projek, het die foto geneem en dr Ben de Klerk sluit in April by die span aan.



Dr Ben de Klerk is die eienaar van die Dendron Boerdery, waar vanjaar se A-Z Pekanneutkonferensie op 8 en 9 April aangebied word.




PROMOSIE ARTIKEL

# Die kontrei se negosiewinkel vier 30 jaar!

Op 1 Maart 2024 het Elmarie en Arno Lambrechts eienaarskap van die bekende Kontreiwinkel in Orania geneem. Elmarie wou die korporatiewe wêreld groet en het dié geleentheid aangegryp om haar voorliefdes maksimaal te benut.
“Gee vir my kuns, klere en items om huisvlyt te beoefen en jy vul my lewensemmer tot bo!” lag 'n uitbundige Elmarie. Arno is deeglik daarvan bewus dat hy die skuldbeursie moet dophou, maar geniet die uitdaging om gereeld met nuwe idees van sy kreatiewe vrou en 'n wisselende mark gekonfronteer te word.
In 1995 het die Kontreiwinkel as 'n tuisnywerheid begin toe Anneke Pelser van haar huis af na die winkelspasie geskuif het. In Februarie 1996 het John en Lida Strydom die winkel oorgeneem, nadat hulle nie die sluiting van die winkel wou sien gebeur nie. Die winkel is herontwerp en Uysie Kirsten het die winkel in 2003 oorgeneem toe dit nog in die Saamstaan Winkelsentrum gehuisves was. Uysie het die winkel oorgekoop, nadat sy 'n elegante klerewinkel bedryf het wat te klein vir haar planne geword het. Die Kontreiwinkel het op 'n paar persele gaan draai voordat dit uiteindelik by die huidige ruimte opgeeindig het. Sy het die konsep van houvoorraad (consignment stock) daar begin.
Marinda le Grange, bekende kunstenaar in Orania, het die eerste advertensiebord vir die winkel ontwerp. “Die winkel was daar waar Mengelmoes en die Wafelhuis nou is, en hulle het toe nog 'n handsentrale gebruik,” vertel die nuwe eienaars.
“My passie is nie om voor die televisie te sit nie. Ek wil kreatief wees en aan nuwe idees werk,” sê Elmarie. Arno voeg skertsend by: “Ons werk aan ons huwelik in die Kontreiwinkel, want om voorraadbeheer toe te pas en wyse besluite met bestellings te maak kan uitdagend wees.” Hulle het nie 'n verveelde oomblik nie en het met 'n skok agtergekom dat die bestuur van 'n winkel met so groot verskeidenheid voorraad nie eenvoudig is nie. Arno het 'n voorraadprogram geskryf wat hulle moontlike verliese voorkom. Hy wil graag binnekort nuwe lyne vir mans in die winkel beskikbaar stel, sodat die doen-dit-self opsies aangebied kan word. Elmarie fokus op plaaslike pesone wat kwaliteit produkte vervaardig vir wie hul gratis rakspasie bied om verskeidenheid in die winkel te verseker. Hulle glo dat daar 'n platvorm geskep moet word vir individue wat nie 'n winkel kan of wil huur nie, maar 'n afsetpunt vir hulle werk begeer. “Dit skep beslis 'n wen-wen oplossing vir dié persone,” sê Arno.
Elmarie hou daarvan om interaktief met haar kliënte om te gaan. “Dit is met daardie kort geselsies waar ek uitvind wat die behoeftes van my kliënte is.” Sy het daardeur verneem dat skoene, geskenke, 'n babareeks, koffiebone en gemaalde koffie, speserye 'n behoefte is. Sy wil graag nog kinderklere begin aanhou en is op soek na plaaslike ontwerpers wat kinderklere kan verskaf.
Die Kontreiwinkel het 'n hele string nuwe bordspeletjies op hul rakke wat die hele gesin of vriendekring kan besighou en hul breine kan aanhou uitdaag. Hulle lewer per koerier 'n afleweringsdiens aan kliënte wat hulle nie kan besoek nie. Binnekort sal die drukwerk baie makliker deur kliënte gedoen kan word. “Ons kan foto's, op doek en papier drukwerk doen.” Die praktiese verfsessies, scrapbooking, bou van boksies en ander motoriese aktiwiteite sal eersdaags weer elke Dinsdag in 'n kuiermiddag rondom hulle groot tafel kan ontaard. Oor die naam sê Elmarie: “Kontrei beteken vir my gemeenskap. Ek dink nie mens verander iets wat werk nie.”
Gedurende Meimaand sal dié gewilde winkel sy dertigste bestaansjaar met vele spesiale aanbiedinge en bekostigbare winskopies vier!

Nuut, maar bekend... Elmarie en Arno Lambrechts is opgewonde oor die potensiaal wat Die Kontreiwinkel steeds vir die gemeenskap bied.







Elmarie spog graag met die eerste advertensiebord van Die Kontreiwinkel.



Elize Swanepoel en Antwané de Wet Is twee personeelede wie se lof Elmarie en Arno graag besing. Hulle heg baie waarde aan hulle voltydse en tydelike personeel.








# 'N STUDIETUISTE VIR *Afrikaners*

Bo-Karoo Opleiding is 'n privaat opleidingsinstelling in Orania gefokus op beroepskwalifikasies in skaarsvaardighede: Tuisversorging, Tuissorgassistent, Vroeë Kinderontwikkeling, Loodgieter, Elektries, Messelaar, Siviele Ingenieurswese en Boerderybestuur.

Ons opleiding is gegrond op Christelike waardes en diep gewortel in die vryheid en unieke erfenis van die Afrikaner kultuur.

**AANSOEKE VIR 2026 STUDIES OPEN 1 APRIL**
**BESOEK ONS OPEDAG 2 MEI**

www.bko.co.za
053 110 0620

BKO
BO-KAROO OPLEIDING

# Ons Paradys Tuinuitdaging

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?
Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

1. Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 17 Oktober 2025 verwelkom word.

Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.
Die geregistreerde tuine sal vanaf Vrydag 31 Oktober besoek en beoordeel word. Die wenners in onderskeie afdelings sal aan die einde van November 2025 tydens 'n skemerkelkiegeleentheid aangekondig word.

**Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?**
1. Beginnerstuin
2. Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte)
3. Groenteboks
4. Grasperk
5. Sakpas tuinmaak (idee in die kleine)

**Stuur voltooide registrasievorms na advertensies@koerania.co.za voor die sluitingsdatum op Vrydag 17 Oktober 2025. Prysgeld per afdeling:**

- Beginnerstuin R4 000-00
- Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte) R3 000-00
- Groenteboks R4 000-00
- Grasperk R1 500-00
- Sakpas tuinmaak (idee in die kleine) R2 000-00

**Reëls en regulasies:**
1. Alle afdelings is oop vir slegs alle Orania inwoners. Vul die registrasievorm in en stuur dit aan die organiseerders, soos aangedui.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys by 084 704 2842 kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2025 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 17 Oktober 2025 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Maak asseblief seker dat 'n kontaknommer en adres op die registrasievorm aangebring word.
8. Geen plastiek of nagemaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.
9. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
10. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
11. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
12. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
13. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
14. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
15. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.

Met trots aangebied deur KOERANiA

Skandeer die kode vir u registrasie

## SAKEKAMER ONTBYT



Foto: Anné van Zyl

Marcel Badenhorst en Paul Vogel van Bo-Karoo Opleiding het saam met Dia van Staden, Jacobus le Grange, Pluspunt Argitekte, en L'ize J van Rensburg, Afsaal Eiendomme tydens die maandelikse Sakekamerontbyt deur Koerania geblaai. Hier wys hul na BKO se advertensie wat elke maand in die gemeenskapskoerant spog.










GASMAN
Gas teen ware markprys
9kg
19kg
48kg
9kg R315
19kg R658
48kg R1645
GRATIS aflewering tussen
15:00 - 17:00
0670273234

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# MENINGS OPNAME

## Watter eienskappe bou vertroue wat daartoe lei dat jy 'n persoon as 'n leier van jou dorp sal identifiseer?



-Riaan Maree

'n Betroubare leier is iemand met sterk morele waardes, wat konsekwent eerlik en regverdig optree. Hulle neem verantwoordelikheid, luister na die gemeenskap en tree met deursigtigheid op. 'n Ware leier ondersteun sy mense, is diensbaar en stel die gemeenskap se belange eerste, eerder as om in eie belang op te tree.




-Annatjie Joubert

'n Leier is iemand wat volgens sy eie oortuigings voor stap. Nie volgens die populêre mening nie. 'n Leier is iemand wat dit wat goed is ophef nie afbreek nie.



-Magda Gleeson

'n Leier is iemand wat die Here ten volle dien en met ander woorde 'n wedergebore kind van God is. Dit is iemand wat eerlik en opreg is, met 'n positiewe uitkyk en wat sy of haar medemens in ag neem in alles en nie net aan hom of haarself dink nie.



-Eugene Brink

Hanteer elke persoon met respek, maak nie saak wie daai persoon is nie.
Wees nederig, moet nie wag dat iets gebeur, vat die leisels en laat dinge gebeur terwyl jy mense bemagtig.
Luister na almal en wys dat jy omgee met raad en empatie.
Wys mense dat jy oop is vir idees en wys belangstelling in hul idees.



-Jeanetta Peenz

Orania se leiers moet deeglike kennis van Orania hê en persone inspireer om deel van die ontwikkeling en werksaamhede te wees. Hy of sy moet vertroue inboesem met hul voorbeeld van werksetiek, ondervinding en inisiatief. 'n Leier moet toeganklik wees.



-Suzie Botha

'n Leier: is 'n persoon wat die mense om hom opbou en respekteer en vertroue uitbeeld – (my siening – gee respek om respek te verdien, selfde met vertroue.}
Verskreeu, verkleineer, sien nie neer en beskinder nie die mense wat na hom opsien nie. (Indien daar 'n probleem is – praat alleen met persoon (waar niemand julle sien nie, want dan skinder die ander)
Ondersteun in alle opsigte, sien die mens raak, maak nie misbruik, of buit die lojale werker uit nie, pas regverdigheid met besoldingings toe en gee erkenning.



-Rialette Venter

Werk hard, werk slim en die mees belangrike eienskap is: werk op so 'n manier dat jou produk 'n verskil kan maak. Moet nie dat mense met klein gedagtes, wat kla of negatief is, jou van jou leierskap ontneem nie. Gee net jou beste!



-JP Combrink

'n Leier van 'n dorp word geïdentifiseer deur sy integriteit, vermoë om te motiveer, en 'n duidelike visie vir die gemeenskap se welvaart. Hulle moet wys dat hulle verantwoordelikheid neem en betroubaar is in hul optrede. Dit bou vertroue en respek onder die inwoners, wat hulle identifiseer as 'n leier.

# ORANIA DAGBOEK

**Maart**
- 14 – Koerania uitgawe 16 verskyn
- 22 – Potjiekoskompetisie: AP-kerk
- 22 - My erfenis is vir my mooi: Gereformeerde Kerk Oranjerivier

**April**
- 3-5 - Bo-Karoo Vasbyt
- 5 – Skietdag in spanne: AP-kerk
- 6 - Stigtingsdag
- 11 - Jannie Moolman vir Karoosig Aftree-oord
- 11 – Koerania uitgawe 17 verskyn
- 15 - Skrywersgilde: Bespreking van Man van Cirene deur F.A. Venter

**Mei**
- 29 - Hemelvaart
- 31 - Bittereinderdag

**Junie**
- 7 – Bazaar: Hervormde Kerk











# Lees Dit! Deel Dit!

koerania.co.za

# Rolprentmeester herleef magiese Fiela-verhaal




Dit is 'n besondere kuns om gehalte-Afrikaanse rolprente met 'n dieper inslag en terselfdertyd vir die genot van 'n groter gehoor te vervaardig – 'n kuns wat Sonneblom Films sedert die jare sewentig vervolmaak het.
Die gedugte egpaar Katinka Heyns, as aktrise en regisseur, en die ontslape Chris Barnard as draaiboekskrywer, was 'n span wat op 'n meesterlike manier die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf help vorm het.
Tydlose rolprente soos Die wonderwerker, Paljas, Die storie van Klara Viljee en Fiela se kind het die verbeelding aangegryp met die wyse waarop bepaalde temas uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis nuwe lewe gekry het, met 'n fyn ondertoon van sosiale kritiek van die bepaalde tydsgees. 'n Hele paar het selfs internasionale gehore meegevoer.
Die FAK se Kaapse kantoor het onlangs, met die herdenking van Dalene Matthee se afsterwe 20 jaar gelede, 'n buitelugfliekaand in Milnerton gehou en Fiela se kind vertoon. Die eregaste van die aand was Katinka en haar seun Simon Barnard, wat die rol van die klein Benjamin Komoetie in die geliefde negentiende eeuse Knysna-bosverhaal vertolk het.
"Dit was 'n gesellige saamkuieraand en die gehoor het vrae gevra en soms lekker saamgelag. Tydens die koffiebreek, terwyl hulle gewag het vir die son om te sak, het die mense die geleentheid benut om in kleiner groepies met Katinka te gesels. Sy het onder andere vertel van haar destydse besoeke aan Dalene Matthee en hul besoeke aan die bos wat moes 'toestemming gee' vir die maak van die rolprent," vertel Elizma Smith, die FAK se kultuurnetwerkkoördineerder in die suide van die land.
Ná heerlike roosterkoeke vir aandete het almal hul kampstoele reggeskuif vir die vertoning van die rolprent.
Katinka het ook interessante staaltjies tydens die maak van die rolprent met die gehoor gedeel, soos haar interaksie met die olifante en die samestelling van die rolverdeling. Oor Simon se rol as die klein Benjamin Komoetie in die rolprent, het Katinka gesê: "Ek het amper begin huil toe ek weer sy klein ronde boutjies gesien het."
Dalene het met ontsag na die magiese effek van die bos en na verskillende dimensies verwys. Katinka sê dit sou besonders wees as die rolprent die vierde dimensie vasvang, "maar die vyfde dimensie sou uitsonderlik wees." Dalene Matthee het tydens die première van Fiela se kind vir Katinka gesê: "Jy het dit!", verwysende na die vyfde dimensie.
Dalene se sentrale boodskap in die boek Fiela se kind is ook wat Katinka in die rolprent beklemtoon het. "Die Here vergewe ons baie dinge, maar Hy vergewe ons nie die onreg wat ons aan 'n kind doen nie."
Katinka het haar belewenis van die aand verwoord toe sy aan die einde van die rolprent verwys het na haar ervaring van 'n besondere atmosfeer wat geheers het om so onder die bome met liggies in die buitelug die rolprent saam met almal te kyk, iets anders as 'n groot rolprentskerm.

**Sonneblom Films leef voort**


Katinka is tans besig om nes te skrop in Negester Onrusrivier, 'n aftreelandgoed naby Hermanus.
Die woord Negester lê haar na aan die hart. Sy sê min mense weet dit, maar dié woord is 'n sterk tema in D.J. Opperman se gedig, "Negester en Stedelig" in die bundel, Negester oor Ninevé. Die gedig gaan oor sy geestelike reis as 'n noodsaaklike komponent in die geheelbeeld van sy religieuse ervaring en oortuigings.
Simon is nou 'n mededirekteur van Sonneblom Films, wat sorg dat die maatskappy voortleef. Hy fokus meer op dokumentêre produksies en het reeds verskeie kreatiewe skeppings op sy kerfstok.
Hy glo sy talent kom van albei ouers af. "My pa was hermeties, met ander woorde iemand wat maar 'n alleenmens is, met 'n fyn waarnemingsvermoë. Ek het ook hierdie persoonlikheid geërf, maar ek stel veral belang in mense en daarom fokus my dokumentêre op interessante Afrikanerpersoonlikhede."
Katinka speel steeds 'n belangrike rol in Simon se lewe. **"Hoewel my ma nie meer op die stelle teenwoordig kan wees nie, vra ek nog gereeld haar raad. Sy het veral 'n fyn aanvoeling vir bepaalde emosionele registers wat in elke rolprent teenwoordig moet wees."**
Simon woon ook in Onrus en verklap dat sy volgende dokumentêre reeks oor 'n baie interessante en kontroversiële persoon uit Suid-Afrika se onlangse geskiedenis handel.

# Kat-en-Muis speletjie eindig met 'n belofte


Foto: Cherise Barnard

Yoraldé van Staden het op Saterdag 22 Februarie tydens 'n vrolike atmosfeer, haar van vir Hugo Grotius s'n verruil. Dié paartjie haak toe 5 jaar en 1 dag vandat Yoraldé vir Hugo gevra het om haar kêrel te wees, af. Zelda van Staden, Yoraldé se ma, het haar rok gemaak

en ouma Fransie Griesel was 'n knap kameraad tydens dié proses.
Daar is by Op die Bult, buite Orania, fees gevier nadat Hugo se pa, Herman Grotius, die seremonie waargeneem het.




# Verantwoordbare burgerskap in Orania

- Deur Dr. Wikus Buys, Begrond Instituut

Alles onder die koningskap van die Here Jesus Christus! Dit is die kern wat die apostel Paulus leer as hy in Efesiërs 1:10 sê: *"... wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig ..."* Dit is God die *Vader se ewige voorneme om alles in hemele en op aarde onder sy Seun, ons Here Jesus Christus, se hoofskap te verenig.*
Orania bely Jesus Christus as koning
Wat 'n wonderlike voorreg dat 'n gemeenskap soos Orania dit openlik bely. In ons dorpskantoor en webblad (My Orania) stel ons voor God en die wêreld dit onomwonde: "Orania se Godgegewe roeping is om ... 'n lewende getuienis van Jesus Christus se koningsheerskappy vir die wêreld te wees."
Hierdie getuienis is die wonderwerking van die Heilige Gees self deur wedergeboorte en geloof. Paulus getuig self daarvan: "Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie, en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (2 Kor. 12:3). Orania sê dit amptelik: "Jesus Christus is die Here".
Christus erf die nasies
Die Here Jesus Christus is die Hoof van Orania. Dit het geweldige implikasies en verantwoordelikheid. Ons het ons openlik verbind aan die lewende Seun van God, wat deur sy Vader aangestel is as die Koning van die konings. God die Vader se belofte aan sy Seun strek wyd, dit sluit selfs volke se lewens in. God die Vader salf sy Seun met die Heilige Gees tot die Messias. God die Vader het aan sy Seun, Jesus Christus al die nasies tot erfdeel gegee. So staan dit in Psalm 2:8. "Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting." God is soewerein oor alle dinge. Die Here regeer. Jesus Christus is die hoof van alles en almal.
Gemeenskapsburgers
Op Orania wil ons gemeenskapsburgers wees wat hierdie koningskap van Jesus Christus erken. Ons wil 'n Christelike dorp en stad en streek wees, en as die Here ons seën – eendag – 'n volwaardige Christelike republiek. Die woorde 'Christelik' en 'Christen' is onlosmaaklik verbind aan dié persoonlike Woord: Christus. Christus wat gesalfde beteken, die Messias. Christus bepaal dus in alle gevalle wat Christelike optrede behels – ook vir volksburgers in 'n gemeenskap wat besig is om 'n republiek te vestig. God se aanstelling van sy Seun as hoof oor alle dinge vereis van ons verantwoorde burgerskap. Ons moet met ons woorde en werke ant-woord op dié Woord van God, Jesus Christus ons hoof. Vir wie luister ons rêrig?
Op Orania word al ons optrede en redenasies, al ons uitgesproke en weggesteekte bedoelings gemeet aan hierdie een liniaal: stem dit in met die koningskap van God se Seun. ( 1 Tim. 6:3 ). God doen hierdie beoordeling deur sy Woord en Gees. Hy fel sy oordeel hiervolgens. As ons gewaag het om in Orania te sê dat die Here Jesus Christus ons Koning is, dan moet ons weet dat God ons daarby hou. Hier is baie dinge om voor dankbaar te wees op Orania, maar hier is ook nog baie onreg en uitbuiting wat God wil regstel. Hoe word en bly 'n dorp of stad, 'n volk selfs, gehoorsaam aan die Here in hulle burgerlike lewe? Die Heilige Gees stel 'n eenvoudige vraag aan ons Oraniërs: na wie luister ons regtig? Na God? Of na ons eie wil, of na die duiwel met sy leuens, of na die wêreld met sy ideologië, of na ons drange, of na ons bloed, of na ons vrese? Wie is regtig Orania se God? Die een vir wie jy luister en gehoorsaam, dié is jou God. So roep die Here ook ons weer tot 'n nuwe gehoorsaamheid: "Luister na My, julle wat hard van hart is, julle wat ver is van die geregtigheid! Ek bring my geregtigheid naby; dit is nie ver nie, en my heil sal nie vertoef nie." ( Jes. 46:12-13 ).
Voorreg en plig
Om 'n verantwoordelike burger te wees is 'n heerlike voorreg en 'n heilige plig. Jesus Christus is die hoof van alle dinge – klein en groot – ook in Orania. Laat ons met ons hele lewe, met letterlik alles wat ons dink en doen – die koningskap van Jesus Christus erken en eerbiedig. Dan kan ons lewe in die verwagting van ons Christelike republiek wat kom.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA
Maart 2025 Bladsy 11 Volume 1 Uitgawe Nr 16

# Tuisversorgingstudente brei hul selfkennis uit

Foto's: Verskaf

Die Bo-Karoo Opleiding se Tuisversorgingstudente het drie dae saam met lewensafrigter, Dia van Staden deurgebring, terwyl daar onder andere oor kommunikasie, emosionele intelligensie, selfbeeld, konflikhantering en persoonlikhede gesels is.


"Die groep studente het veral ywerig aan die bespreking oor persoonlikhede deelgeneem en het die rolspel tydens die kommunikasiesessies insiggewend gevind," vertel Dia. Sy vertel dat praktiese voorbeelde en rolspel vir hulle waardevol was omdat dit van papier na praktyk oorgedra is.

Die studente het getuig dat die telefoniese rolspelsessies vir hulle baie moontlike kwelvrae van kliënte, en hul reaksie daarop, demonstreer het. Die meerderheid melankoliese persoonlikhede het duidelik na vore gekom toe daar oor konflik gesels word, want hulle wou nie graag die tema verbaal ontdek nie. "Die wegskram van konflik en 'n hoë persentasie wat eerder kompromieë sal aangaan, kon egter verduidelik word sodat daar na 'n oplossing van konflik gewerk kan word." Dia erken dat 'n hoë vlak van emosionele intelligensie soms benodig word om konflik sonder aggressie of 'n heftige humeur op te los. Dia deel dat dié groep met hulle optrede oor die drie dae getoon het dat hulle meer kwaliteit verhoudings wil bou.


Volgens Dia het die studente se terugvoer daarop gewys dat hulle elkeen uitsien na 'n gelukkige en positiewe toekoms. "Die meerderheid het verwoord dat hulle met mense wil werk en 'n verskil wil maak in mense se lewens. Dit is noemenswaardig," voeg Dia by.



Tuisversorging beteken innerlike versorging… Nella, Chrisna, Megan en Dia van Staden staan voor. In 'n sirkel van links is Anrique, Lumé, Wian, Anika, Chris-Mari, Jaydee en Lyndré.



Anrique in aksie tydens die telefoonetiket se rolspel.



Chrisna wil 'n ernstig kwessie van 'n pasiënt oplos en versamel soveel moontlik inligting.




# Die FAK en BKO herinner die gemeenskap aan Majuba


"Op Majubadag kyk ons terug na een van die grootste oorwinnings wat die Boere tydens die Eerste Vryheidsoorlog behaal het toe hul op 27 Februarie 1881 die Britte op Majuba-berg verslaan het," sê Cara Tomlinson, die FAK se kultuurkoördineerder in die Noord-Kaap .

Die Slag van Majuba word jaarliks regoor die land herdenk en vanjaar het die FAK en BKO hande gevat om 'n groot gros Oraniërs by die voet van die Orania koppie te laat onthou.

Cara het 'n stukkie van dié belangrike geskiedenis met die gehoor gedeel. Oud en jonk het opnuut waardering vir die dapperheid en deursettingsvermoë van die boerekrygers gekry.



Cara Tomlinson het tydens haar aanbieding beklemtoon dat die fokus nie op die sege is nie, maar dat die Afrikaner in dankbaarheid weer op God sy visier moet rig en uit die lesse van ons voorouers moet leer.



**Roepstem van Orania**

Uit die hoeke van ons land en volk lê spore
oor ons grond - God Drie-enig roep ons saam
ter ere van sy grote Naam. 'n Vrye volk het
opgestaan op die pad na Orania.

Orania, Orania!
Met hande in die grond en moue opgerol
bou Hy, bou ek, bou ons aan jou;
ons sal self, Orania.

Op die koppie staan ons eie reus, hy's klein
maar leer ons werkersgees. Ons
vryheidstrewe snoer ons saam; graveer in klip
'n nuwe naam. Ons volk het eind'lik
tuisgekom - verenig Orania.

Orania, Orania!
Met hande in die grond en moue opgerol
bou Hy, bou ek, bou ons aan jou;
ons sal bid, Orania,
ons sal bou, Orania,
ons vir jou, Orania!

Orania Volkslied

Roepstem van Orania… Die Orania Volkslied is op dié dag vir die eerste keer gesing en met die gehoor gedeel. Die Murphy-gesin is as wenners aangewys nadat hulle vir die liriek- en melodiekompetisie van OkeR (die Orania Kunsteraad) geregistereer het. Luister en sing saam deur hier te klik: :
Orania Volkslied | Orania het 'n volkslied gekry!



Die voorsitter van die BKO studenteraad, Hencko Vollgraaff, het die geesdriftige Oraniërs en besoekers by die Majuba-vieringe verwelkom.





Pierre Buys is die bestuurder van 'n paar besighede wat aan eienaar, Theunie Botha, behoort. Hulle dra Orania en sy mense se belange op die hart en sien uit na gesonde en regverdige besigheid wat Orania se ekonomie sal aanvuur.

Wilgerus is 'n luukse gastehuis wat vir 'n internasionale mark voorsiening maak.

Gasman is 'n nuwe toevoeging tot die hardeware mark en lewer hulle produk teen bekostigbare pryse.

Foto: Dia van Staden









KOERANIA Sport

Maart 2025

Volume 1 Uitgawe Nr 16

# Müllers draf die liefde kaf

Dia van Staden

Die feit dat Christo en Karin Müller kort na 'n Comrades marathon in 2014 getroud is, sal vir niemand wat hulle ken verrassende nuus wees nie. Wanneer hulle eers die drafstories begin uitryg word daar gelag, geskerts en veral onthou.

"Die invloed van hardloop op 'n verhouding, waar albei verstaan waarom dit gedoen word, is onontbeerlik," vertel Karin en Christo met erns. Dit is albei se tweede huwelik en die belangrikheid van 'n maat wat die kilometers saam met jou aftel was van die begin af vir hulle 'n noodsaaklikheid.

"Die avonture wat ons al saam beleef het is net fantasties," sê Karin, wat nooit 'n drawwer was nie. Haar sportkeuse was fietsry, maar haar broer het haar aangemoedig om te draf. "As dit nie daarvoor was nie het ek en Christo mekaar seker nooit ontmoet nie."

Hulle het albei in Graaff Reinet gewoon, gewerk en gehardloop. Karin het dié hardlopery stadig aangepak. Nadat sy en Christo begin saam hardloop het moes sy vinnig haar gewoonte van 40km per week opstoot na 80km en meer per week. Die hoër kilometers per week het gou goeie resultate afgewerp.

"Ons het die Comrades in 2017 saam gehardloop en saam klaargemaak. Dit was baie spesiaal om so 'n wedren saam te voltooi," glimlag hulle. Karin herinner Christo gou aan die 2018 wedloop waar sy hom gewen het. "Dit was so lekker om hom te wen, al het hy met 'n besering gehardloop." "Ek kon nie 'n jaar uitsit nie, en besluit toe om wel met die seer senuwee in my linkerbeen te hardloop," vertel Christo.

Die Twee Oseane marathon ontvang Christo vir die 24ste keer vanjaar. "Hy het een jaar die Twee Oseane ten bate van die Dierebeskermingsvereniging gehardloop, met 'n hondepakkie aan! Ek kon dit nie glo toe ek sien dat hy selfs daardie wedren voor my klaargemaak het nie," lag Karin. Christo pak die 56km aan en Karin sal die 21km draf.

"As ons met vakansie gaan, soos na die Twee Oseane in Kaapstad, dan google ons vir plase in die omgewing waar jy mag hardloop, interessante paadjies volg en die avontuur met die natuur kan inneem."

"Ek sien uit na Comrades nommer 22 vanjaar en Karin wil haar nommer 6 voltooi," sê Christo. Karin is nie seker of haar ernstige voetbesering al so herstel het dat sy vir 'n marathon kanssien nie, maar sy het wel begin oefen daarvoor. Karin moet nog kwalifiseer en daar is tyd tot 5 Mei daarvoor.

Hulle besluit sommer gou om aan 'n wedloop in die omgewing te gaan deelneem, omdat hulle dit saam geniet. "Ons bel mekaar tydens wedlope en motiveer mekaar ook so. Ons beleef die sportmanskap, die adrenalien, die roete en voorvalle langs die pad saam. Ons kan vir ure na 'n marathon ontlaai deur die belewenisse te bespreek," vertel hulle met blink oë.

"Dit is so belangrik om in 'n huwelik iets te vind wat julle saam geniet. 'n Atleet spandeer soveel tyd op die pad as jy vir 'n groot wedren voorberei. Dit is moeilik as een dit doen en die ander een sit by die huis. Met ons twee is albei op die pad en kan ons dit saam beleef."

Christo erken dat hy baie kompeterend is en vir 'n beter tyd hardloop. Karin is die een wat meer sosiaal deelneem en haar omgewing en die mense inneem. Hulle draf albei om die wedren te voltooi en beslis nie laaste te eindig nie.

Karin wil graag 3-dag staptogte doen, maar Christo is nog nie heeltemal daarvoor te vinde nie. Hy wil hardloop. "Ek dink nie aan ophou nie, want dit maak my depressief. Ek sal graag Comrades op 80 wil doen. Mens moet na jouself kyk sodat jy hopelik op 80 nog kan hardloop," eindig Christo die vertel van vele staaltjies.

Vandag is dié pragtige egpaar die eienaars van Hemel op Aarde selfsorg en woeker met 'n gewilde koffiekaravaan as hulle nie hol nie.




Foto: Verskaf

Comrades 2017... Die Müller-egpaar pak avontuurroetes saam aan en hulle lewe word gereeld om 'n volgende wedren in 'n interessante omgewing met 'n uitdagende terrein beplan.

**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn
076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30

**Muurbal**
Victor Correia @ 082 568 5587

**Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie**
Hendri/Marike Labuschagne
072 453 5577 / 072 604 2564

## SPORTGIDS

**Ballet**
Uysie Kirsten Balletskool
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Uysie Kirsten @ 082 683 6317
Beginners vanaf enige ouderdom welkom

**Boogskiet**
Willem Jacobs @ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks

**Fietsry**
Orania Fietsryers
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp
Groepritte Dinsdagmiddae / Saterdagoggende
'n Sosiale groep met verskillende vlakke van fiksheid

**Gimnastiek**
Oranjerivier Gimnastiekklub
Michelle Jacobs
072 550 8462 / oranje.gimnastiek@gmail.com
Saamstaan Winkelsentrum
Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.

**Hokkie**
Jané Ebersohn @ 0 72 241 9142

**Karate**
Henk Steyn @ 076 790 8843

**Moderne dans**
Janel Cornelius @ 068 589 9227

**Orania Atletiekklub**
Christo Muller @ 083 628 0272

**Orania Rolbalklub**
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621

**Paaldans**
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Elke Dinsdag vanaf 17:00
R300-00 per maand

**Perdry**
Jessica Bornman @ 082 823 2541

**Pluimbal**
Koos le Grange @ 083 568 703

**Swem**
Hester Botha @ 082 093 4352

